NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SA

Saakgelastigde: **Ds AH Minnaar** **PBO: 9300 13251**

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

021 957 7104
bossie@kaapkerk.co.za
www.kaapkerkadmin.co.za

Eiendomsbelasting
Handleiding vir Stad Kaapstad

Die sinodale kantoor kry heelwat navrae oor gemeentes en eiendomsbelasting wat Stad Kaapstad hef. Die kort van die lank is dat gemeentes van eiendomsbelasting vrygestel is ten opsigte van die eiendom waarop die kerkgebou staan én op die pastorie – mits die betrokke gemeente se predikant in daardie pastorie bly.

Sommige gemeentes het ongelukkig aansoek gedoen om korting op eiendomsbelasting en dan hulle PBO of NPO-nommer gebruik. Gemeente moet nie aansoek doen om korting op eiendomsbelasting nie. Gemeentes is volgens Wet 6 van 2004 **vrygestel** van eiendomsbelasting.

Met hierdie skrywe word gepoog om gemeentes te help om die gemeente te "registreer" as 'n kerk Stad Kaapstad se databasis.

1. DIE WET

1.1 'n Kopie van Wet 6 van 2004, met die wysigings oor die jare, word aangeheg. Die belangrike punt is Artikel 17 van die Wet:

17. Other impermissible rates

(1) A municipality may not levy a rate –

(i) on a property registered in the name of and used primarily as a place of public worship by a religious community, including [~~an~~] the official residence registered in the name of that community which is occupied by [~~an~~] the office-bearer of that community who officiates at services at that place of worship. (Amended 2014)

2. STAD KAAPSTAD

2.1 Die Wet is dus duidelik. Stad Kaapstad mag nie ("*may not*") eiendomsbelasting op gemeentes se eiendomme hef nie. Gemeentes maak ongelukkig die fout om aansoek te doen om afslag te kry op hulle eiendomsbelasting en gebruik dan hulle PBO of NPO nommer. Gebruik die WET en dring aan op die "may not"!

2.2 Gemeentes moet asseblief nie aansoek doen vir afslag op eiendomsbelasting nie. Gemeentes moet slegs **bewys** dat hulle 'n kerk is, 'n "*place of public worship by a religious community*".

2.3 Gebruik Stad Kaapstad se ""FIN003 - Application to change the property rating category" (Sien voorbeeld aangeheg).

3. STAD KAAPSTAD SE VORM

3.1 Kry Stad Kaapstad se vorm hier: https://www.capetown.gov.za/Document-centre

Die maklikste is om hier te soek ("*search*") vir: "*FIN003 - Application to change the property rating category*". Of gebruik hierdie skakel: http://resource.capetown.gov.za/documentcentre/Documents/Forms,%20notices,%20tariffs%20and%20lists/Change%20in%20Property%20Rating%20Category%20Application%20Form%20(Afrikaans).pdf

3.2 Merk die blokkies by "***Place of worship***" en voorsien die nodige dokumente. [Stad Kaapstad bied die vorm ook in Afrikaans en isiXhosa aan, maar die Engelse een is gebruikersvriendelik en kan direk op die rekenaar voltooi word.]

Place of worship property

- ☐ A copy of any founding document or constitution
- ☐ Certified copies of the financial statements / records of accounts of the religious community (not older than 3 months)
- ☐ Certified copies of bank statements in the name of the religious community (not older than 3 months)
- ☐ Affidavit from the leader setting out the length of time the community has been meeting; the size of the community and the leadership structure of the community
- ☐ Affidavits from five members setting out the length of time the community has been meeting; the size of the community and the leadership structure of the community
- ☐ If the religious community is not the registered owner of the property, a formal agreement to lease/use the property which must be for 12 months or longer

4. AANHEGSELS (ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE)

4.1 A copy of any founding document or constitution

Die "*founding document*" is natuurlik die Bybel. Ek vermoed dat Stad Kaapstad eerder die "*constitution*" soek, maar neem gerus 'n Bybel saam as jy die stukke per hand neem.
Die NG Kerk in Suid-Afrika se "*constitution*" is die "Kerkorde en Reglemente".
Reglement 1: 2 verduidelik dit ook so. Aangesien die vorms per epos aan Stad Kaapstad voorsien kan word kan die "*constitution*" ook per epos gestuur word. Laai dit hier af: http://kerkargief.co.za/doks/acta/WK_KO_2015.pdf

As jy die vorms per hand wil neem, kan jy 'n Kerkorde (van 2015) saamneem. Ekstra kopieë is by die moderatuur se kantoor beskikbaar. Die beste bly egter om 'n briefie te tik (op die gemeente se briefhoof) en daarop te verklaar dat die Konstitusie 'n boek van 258 bladsye is en dat dit makliker is as hulle dit self aflaai. Sien Bylaag 1 as templaat van so 'n brief.

4.2 Certified copies of the financial statements / records of accounts of the religious community (not older than 3 months)

Geouditeerde finansiële state geteken en "gestempel" dat dit die oorspronklike is.

4.3 Certified copies of bank statements in the name of the religious community (not older than 3 months)

'n Bankstaat van die gemeente. Dit moet vars wees (laaste maand s'n). Die Vorm noem wel drie maande, maar dit neem Stad Kaapstad baie lank om die vorms te verwerk. Die bankstaat is dan verouderd as julle met 'n ou een begin het!

4.4 Affidavit from the leader setting out the length of time the community has been meeting; the size of the community and the leadership structure of the community

Die voorsitter van die Kerkraad moet ’n brief skryf en laat **beëdig** waarin hy
(a) die stigtingsdatum van die gemeente verklaar (as julle dit nie weet nie, kan die Argief dit vir julle gee: 021 882 9923 of argief@kaapkerk.co.za)
(b) noem hoeveel doop- en belydende lidmate die gemeente het (kyk op julle vorm vir “Kerklike Statistiek soos voltooi op 28 Februarie 2019”) of gaan soek na jou gemeente en kyk by 2019 op https://www.kaapkerkadmin.co.za/kerklike-statistiek/
(c) en verduidelik dat die gemeente bestuur word deur ’n Kerkraad volgens Reglement 3 van die Kerkorde (bladsy 21 en verder).

4.5 Affidavits from five members setting out the length of time the community has been meeting; the size of the community and the leadership structure of the community

Dupliseer die beëdigde verklaring van die voorsitter en vervang punt 1 met:
“(1) Ek is ’n goedstaande belydende lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam].” of gebruik die templaat van Bylaag 3.

5. STEMPELS

As die gemeente ’n stempel het, gebruik dit asseblief ruimskoots op die verklarings en afskrifte. Stempels word hoog geag.

Sterkte!

Ds AH (Bossie) Minnaar
Saakgelastigde
Selfoon: 083 270 5211
bossie@kaapkerk.co.za
5 September 2019

Bylaag 1
Briefhoof van die GEMEENTE

KONSTITUSIE

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende voorsitter van die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam] dat hierdie gemeente een van die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is.
Hierdie gemeente is deel van die Ring van [naam van Ring].
Die lys van 226 gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan hier gevind word (Kolom 1 is die gemeente se naam en Kolom 2 die Ring se naam. Die Tabel in Kolom 3 is die Vorm vir Kerklike Statistiek vir die afgelope vyf jaar):

https://www.kaapkerkadmin.co.za/kerklike-statistiek/
https://kaapkerk.co.za/gemeentes-a-z/

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se Konstitusie staan bekend as die **"Kerkorde en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika".** Dit is 'n lywige boek van 258 bladsye. Hierdie boek kan direk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se webwerf afgelaai word:

http://kerkargief.co.za/doks/acta/WK_KO_2015.pdf

My besonderhede:

Amp/hoedanigheid:	Voorsitter van die Kerkraad
Titel, volle name en van:	
Identiteitsnommer:	
Volledige woonadres:	
Selfoon:	
E-posadres:	

DATUM	**PLEK**	**VOORSITTER SE HANDTEKENING**

Bylaag 2
Beëdigde verklaring van die VOORSITTER van die Kerkraad

BEËDIGDE VERKLARING

My besonderhede:

Titel, volle name en van:	
Identiteitsnommer:	
Volledige woonadres:	
Volledige posadres:	
Selfoon/Telefoon:	
E-posadres:	

Hiermee verklaar ek, die persoon soos hier bo geïdentifiseer en hier onder geteken, onder eed as volg:

(1) Ek is die voorsitter van die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam].

(2) Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam] is reeds in [dag, maand en jaar] gestig. Die gemeente se stigtingsdatum en geskiedenis kan op https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/ bevestig word.

(3) Hierdie gemeente het [getal] belydende (volwasse) lidmate en [getal] dooplidmate (kinders). Die getal is soos op 28 Februarie 2019. Hierdie getalle word bevestig in die gemeente se geouditeerde finansiële state (voorblad) en op die formele "Vorm vir Kerklike Statistiek" en kan hier besigtig en gekontroleer word: https://www.kaapkerkadmin.co.za/kerklike-statistiek/

(4) Hierdie gemeente word bestuur deur 'n Kerkraad (sien Reglement 3 van die Kerkorde (Konstitusie) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: http://kerkargief.co.za/doks/acta/WK_KO_2015.pdf).
Die Kerkraad bestaan uit [getal] lede. Hierdie syfer kan ook op die "Vorm vir Kerklike Statistiek" gekontroleer word. Sien "Aantal amptelike kerkraadslede". Kerkraadslede word vir twee jaar verkies en kan herkies word. Daar word behoorlik notule gehou van elke vergadering en ouer notule word in die Kerkargief in Stellenbosch bewaar.

DATUM	**PLEK**	**VERKLAARDER SE HANDTEKENING**

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

DATUM	**PLEK**	**KOMMISSARIS VAN EDE SE HANDTEKENING**

Titel, volle name en van:	
Volledige woonadres:	
Amp (Rang):	

Beëdigde verklaring van vyf <u>BELYDENDE LIDMATE</u>
[Kry en voltooi die Kommissaris van Ede se besonderhede (sien onder) voor die vyf kopieë gemaak word. As die predikant nie die voorsitter is nie, kan hy/sy die verklarings beëdig.]

BEËDIGDE VERKLARING

My besonderhede:

Titel, volle name en van:	
Identiteitsnommer:	
Volledige woonadres:	
Volledige posadres:	
Selfoon/Telefoon:	
E-posadres:	

Hiermee verklaar ek, die persoon soos hier bo geïdentifiseer en hier onder geteken, onder eed as volg:

(1) Ek is ’n goedstaande belydende lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam].

(2) Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam] is reeds op [dag, maand en jaar] gestig. Die gemeente se stigtingsdatum en geskiedenis kan op https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/ bevestig word.

(3) Hierdie gemeente het [getal] belydende (volwasse) lidmate en [getal] dooplidmate (kinders). Die getal is soos op 28 Februarie 2019. Hierdie getalle word bevestig in die gemeente se geouditeerde finansiële state (voorblad) en op die formele “Vorm vir Kerklike Statistiek” en kan hier besigtig en gekontroleer word: https://www.kaapkerkadmin.co.za/kerklike-statistiek/

(4) Hierdie gemeente word bestuur deur ’n Kerkraad (sien Reglement 3 van die Kerkorde (Konstitusie) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: http://kerkargief.co.za/doks/acta/WK_KO_2015.pdf).
Die Kerkraad bestaan uit [getal] lede. Hierdie syfer kan ook op die “Vorm vir Kerklike Statistiek” gekontroleer word. Sien “Aantal amptelike kerkraadslede”. Kerkraadslede word vir twee jaar verkies en kan herkies word. Daar word behoorlik notule gehou van elke vergadering en ouer notule word in die Kerkargief in Stellenbosch bewaar.

DATUM	**PLEK**	**VERKLAARDER SE HANDTEKENING**

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

DATUM	**PLEK**	**KOMMISSARIS VAN EDE SE HANDTEKENING**

Titel, volle name en van:	
Volledige woonadres:	
Amp (Rang):	